# HOOFSTUK 22

## 'N BEVESTIGING VAN HIERDIE LEER AAN DIE HAND VAN SKRIFGETUIENIS

*Die uitverkiesing ontstaan nie uit God se voorkennis van die mens se verdienstes nie maar dit dien God se soewereine raadsplan (Afdeling 1 - 6)*

### 1. *Botsende opvattings oor die uitverkiesingsleer en God se voorkennis van die mens se verdienste*

Al die stellings wat ons hierbo gemaak het, word deur baie mense betwis en dan veral die vrye uitverkiesing van die gelowiges. Dit kan nogtans nie aan die wankel gebring word nie. Oor die algemeen is hulle trouens van mening dat God onderskeid tussen mense maak na gelang Hy vooraf sien wat elkeen se verdienstes gaan wees; dat Hy derhalwe diegene tot sy kinders aanneem van wie Hy vooraf weet dat hulle sy genade nie onwaardig sal wees nie en dat Hy diegene van wie se geaardheid Hy bemerk dat dit tot boosheid en goddeloosheid geneig is, aan die verdoemenis van die dood uitlewer.[1] Deur hierdie dekmantel van voorkennis so tussenin te skuif verduister hulle nie alleen die uitverkiesing nie, maar hulle versin ook 'n oorsprong van elders af daarvoor. En hierdie algemene opvatting is nie net die van die gewone mens nie, want dit het oor al die eeue belangrike voorstanders gehad.[2] Dit erken ek ruiterlik, sodat niemand miskien moet vertrou dat dit ons saak grootliks sal skaad as hulle name daarteenoor gestel word nie. God se waarheid is hier immers te seker om geskok te word en te duidelik om deur die gesag van mense verduister te word. Maar ander mense wat nie OS 380 in die Skrif geoefen is of enige instemming verdien nie, verskeur die gesonde leer met sulke groot goddeloosheid dat hulle voortvarendheid ondraaglik is. Omdat God volgens sy oordeel sommige mense uitverkies

[1] Niesel verwys na Conrad Wimpina se *Sectarum errorum ... Anacephalaeosis* (1528) en Clichtoveus se *Improbatio* (1533), wat albei hierdie aspekte uitvoerig vanuit die Roomse oogpunt behandel; vgl. OS 4:379 n. 1.

[2] Vir 'n behandeling van die predestinasieleer in die Patristiek voor Augustinus, vgl. A.D.R Polman, *De predestinatieleer van Augustinus, Thomas van Aquino en Calvijn*, T. Wever, Franeker 1936, p. 10 e.v.; vir 'n uiteensetting van Calvyn se siening vgl. ook Visscher, H., Van de leer der Praedestinatie bij Calvijn, Lonkhuyzen, Zeist, 1931; vgl. verder afdeling 8 (Afr. vert. 3:1183) hieronder.

en ander verbygaan, dreig hulle Hom met 'n hofsaak.[3] Maar as die saak self bekend is, wat sal dit hulle baat om met God te twis?

Ons leer niks wat nie deur die ervaring bewys is nie, naamlik dat dit God altyd vrygestaan het om sy genade te gee aan wie Hy wil.[4] Ek sal nie vra waarom Abraham se nageslag bo ander uitgestaan het nie behalwe in daardie aansien waarvan die rede nie buite God te vinde is nie. Laat hulle my antwoord[5] waarom hulle mense eerder as beeste of esels is; hoewel dit in God se hande was om van hulle honde te maak, het Hy hulle na sy beeld gevorm. Sal hulle redelose diere toestaan om met God oor hulle lot te twis asof dit 'n onregverdige onderskeid was?[6] Dit is sekerlik niks billiker as dat hulle 'n voorreg wat hulle besit sonder enige verdienstes verkry het, as dat God sy weldade na die maat van sy oordeel A 340 verskillend uitdeel nie.

As hulle dan na persone oorspring waar die ongelykheid vir hulle nog aanstootliker is, behoort hulle ten minste by die voorbeeld van Christus terug te deins daarvan om nie so onbekommerd oor hierdie geheimenis te babbel nie. Hy word uit die saad van Dawid as 'n sterflike mens ontvang. Volgens watter deugde, sal hulle sê, het Hy verdien om juis in die moederskoot die Hoof van die engele, die eniggebore Seun van God, die beeld en die heerlikheid van die Vader, die lig, geregtigheid OC 688 en verlossing van die wêreld te word?[7]

Augustinus merk verstandig op dat die helderste spieël van die vrye uitverkiesing juis in die Hoof van die kerk is, sodat dit ons wat onder sy lede is, nie mag verwar nie;[8] en dat Hy nie deur regverdig te leef die Seun van God geword het nie maar dat so 'n groot eer verniet aan Hom gegee is sodat Hy daarna ander mense deelgenote in sy gawes kon maak.[9] As iemand hier sou vra waarom ander nie soos Hy was nie of waarom ons almal so ver van Hom verskil, waarom ons almal bedorwe en Hy reinheid is, sal hy nie alleen sy dwaasheid openbaar nie maar tegelyk ook sy skaamteloosheid. As hulle[10] voortgaan om Hom sy vrye reg om uit te verkies en te verwerp te ontneem, moet hulle tegelyk ook wegneem wat aan Christus gegee is.

Nou moet ons let op dit wat die Skrif van elkeen (uitverkiesing en

3 Vgl. Pighius, *De lib. arb.* 7, fo. 118b e.v.

4 Hoewel Calvyn die predestinasieleer op die Skrif bou, toon hy aan dat dit ook deur ervaring bewys word. Hy lê veral in sy *De praedestinatione Dei* (OC 8:249 e.v.) sterk hierop klem.

5 Fr. 1560: *Mais encores que ie leur quitte cela, qu'ils me respondent* (Benoit 3:418).

6 Fr. 1560: *de se plaindre de leur condition, accusans Dieu comme s'il s'estoit porté cruellement envers elles* (Benoit 3:418).

7 Vgl. Hebr. 1:2 e.v. en OC 55:10 e.v.

8 Marg. *August. De corr. & gratia ad Valentinum; cap. 15. Item De bono perseverantiae, cap. ultimo.* Vgl. Augustinus, *De cor. et grat.* 11.30 (MPL 44:934 e.v.); *De dono perseverantiae* 24.67 (MPL 45:1033 e.v.). Vgl. ook sy *De praed. sanct.* 15.30 (MPL 44:981 e.v.).

9 Marg. *August. de verbis Apo. Serm. 8.* Vgl. Augustinus, *Serm.* 174.2 (MPL 38:941).

10 Fr. 1560: *ces canailles* (Benoit 3:418).

verwerping) verklaar. Wanneer Paulus leer dat ons voor die skepping van die wêreld in Christus uitverkies was,[11] neem hy beslis alle inagneming [OS 381] van ons eie aansien weg. Dit is trouens asof hy gesê het dat die hemelse Vader sy oë op sy Christus gevestig het omdat Hy in die hele saad van Adam niks gevind het wat sy uitverkiesing verdien het nie. Sy doel daarmee was om asof uit sy liggaam lede uit te kies om in die lewe te deel. Laat hierdie rede dus onder gelowiges geld: dat ons in Christus tot die hemelse erfenis aangeneem is omdat ons in onsself nie tot so 'n uitnemendheid in staat was nie. Hy maak dieselfde opmerking ook elders wanneer hy die Kolossensers tot dankbetoon aanspoor omdat hulle van Godsweë bekwaam gemaak is om in die lot van die heiliges te deel.[12] As die uitverkiesing dan aan daardie genade van God om ons bekwaam te maak om die heerlikheid van die toekomstige lewe te verkry, voorafgaan, wat sal God self dan in ons vind om Hom te beweeg om ons uit te verkies?

'n Ander uitspraak van Paulus sal selfs nog duideliker uitdruk wat ek wil sê. Hy sê: "Hy het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld, na die welbehae van sy wil om rein en onbevlek en onberispelik voor sy aangesig te wees".[13] Daarin stel hy God se welbehae teenoor enige van ons verdienstes.

## 2. *'n Regsinnige vertolking van Ef. 1:4 weerlê die opvatting dat God se uitverkiesing van sy voorkennis afhang*

Om die bewys nog stewiger te maak is dit die moeite werd om op elke deel van die verwysing[14] afsonderlik te let wat, sodra dit in samehang gebring is, geen twyfel laat nie. Wanneer hy hulle *uitverkorenes* noem, is daar geen twyfel daaroor dat hy gelowiges aanspreek soos hy ook weldra verklaar nie. Daarom misvorm diegene wat die woord verdraai tot die tyd waarin die evangelie geopenbaar is, dit met 'n alte skandelike verdigsel.[15] Wanneer hy sê dat hulle vóór die skepping van die wêreld uitverkies was, neem hy alle inagneming van hulle aansien weg. Want watter grond het daar bestaan om te onderskei tussen diegene wat nog nie bestaan het nie en diegene wat later in Adam hulle gelykes sou wees? As hulle nou in Christus uitverkies is, volg daaruit nie alleen dat elkeen sonder inagneming van homself verkies is nie maar ook dat

[11] Marg. *Ephes. 1.a.4.* Vgl. OC 51:147 - 148.

[12] Marg. *Colos. 1.b.12.* Vgl. OC 52:82 - 83.

[13] Marg. *Ephes. 1.a.4.*

[14] Ef. 1:4 - 5.

[15] Dit was Bolsec en Georgius Siculus se opvatting; vgl. die *Congrégation faite en l'Eglise de Genève* (OC 8:97 e.v.). In sy antwoord op Pighius se opvatting keer Calvyn in 1552 in sy *De praedestinatione Dei* hierna terug (OC 8:255 e.v., 260, 344).

sommiges van ander afgesonder is omdat ons sien dat nie almal lede van Christus is nie. Die byvoegsel dat hulle *uitverkies is om heilig te wees*, weerlê duidelik die dwaling wat die uitverkiesing van (God se) voor- OC 689
kennis aflei omdat Paulus uitroep dat al die deugde wat in mense na vore kom, die gevolg van die uitverkiesing is.

As ons nou na 'n hoër oorsaak soek,[16] antwoord Paulus dat God dit so voorbeskik het en wel na die welbehae van sy wil. Met hierdie woorde werp hy al die middele tot hulle uitverkiesing waarvan mense hulle verbeel dat dit in hulleself is, omver. Hy leer trouens dat al die weldade wat God met die oog op die geestelike lewe skenk, uit hierdie een OS 382
enkele bron voortkom, naamlik dat God diegene verkies het wat Hy wou, en dat Hy nog voordat hulle gebore is, vir elkeen afsonderlik die genade wat Hy hulle waardig geag het, weggebêre het.

### 3. *"Hy het ons met 'n heilige roeping geroep, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy voorneme en genade wat in Christus van ewigheid af aan ons geskenk is." (2 Tim. 1:9)*

Oral waar hierdie welbehae van God trouens regeer, kom werke nie in aanmerking nie. Hy laat wel nie die teenstelling hier volg nie, maar ons moet dit nogtans so verstaan soos hy dit self elders verduidelik. Hy sê: "Hy het ons met 'n heilige roeping geroep, nie volgens ons werke nie maar volgens sy voorneme en die genade wat voor die tye van die eeue deur Christus aan ons gegee is".[17] En ons het reeds aangetoon dat in dit wat daarop volg, naamlik "sodat ons heilig en onbevlek mag wees", alle besware uit die weg geruim word. Want as jy sê: "Omdat Hy voorsien het dat ons heilig sal wees, het Hy ons uitverkies", dan keer jy Paulus se orde om. Daarom kan jy veilig die volgende afleiding maak: "As Hy ons uitverkies het om heilig te wees, het Hy ons nie uitverkies omdat Hy vooraf gesien het dat ons sodanig sal wees nie". Daar is immers 'n botsing tussen hierdie twee stellings: dat godvrugtiges dit aan die uitverkiesing te danke het dat hulle heilig is, en dat hulle op grond van hulle werke tot die uitverkiesing kom.[18]

En hier het die uitvlug waarmee hulle soms ontvlug, geen krag nie, naamlik dat die Here die genade van uitverkiesing nie vir voorafgaande verdienstes vergeld nie maar dat Hy dit nogtans vir toekomstige verdienstes gee.[19] Want wanneer gesê word dat gelowiges uitverkies is om heilig

[16] Fr. 1560: + *pourgouy les uns sont esleus plustost que les autres* (Benoit 3:419).

[17] Marg. *2. Tim. 1.c.9.* Vgl OC 52:352 -353.

[18] Fr. 1541 e.v.: *et que par icelle sainctetê ils ayent esté esleus* (Benoit 3:420).

[19] Vgl. *Inst.* 3.22.9 (Afr. vert. 3:1185 - 1186) hierbo. Thomas, *Summa Theol.* 1.23.5: *Utrum praescientia meritorum sit causa praedestinationis* - of voorkennis van verdienstes die oorsaak van predestinasie is (Marietti 1:132 e.v.).

te wees, word tegelyk te kenne gegee dat die heiligheid wat hulle later sal hê, van hulle uitverkiesing af begin. Hoe sal dit dan rym om te sê dat dinge wat uit die uitverkiesing afgelei word, die uitverkiesing veroorsaak het? Dit lyk juis asof hy dit wat hy reeds gesê het, later nog meer bekragtig wanneer hy sê "volgens die voorneme van sy wil wat Hy in Homself voorgeneem het".[20] Want die feit dat God in Homself iets voorgeneem het, dra net soveel gewig as wat gesê sou word dat Hy buite Homself niks in ag geneem het om in sy besluit in aanmerking te neem nie. Hy het derhalwe dadelik bygevoeg dat die volle som van ons A 341 uitverkiesing hierop gemik moet wees, naamlik om tot lof van God se genade te wees.[21] God se genade alleen verdien beslis om in ons uitverkiesing verkondig te word slegs as dit onverdiend is. Dit sal voorts nie onverdiend wees as God self in die uitverkiesing van die wat aan Hom behoort, bepaal hoedanig elkeen se werke sal wees nie. Daarom is ons bevinding dat dit wat Christus vir sy dissipels gesê het, oor die algemeen vir alle gelowiges geld, naamlik "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies".[22] Daar sluit Hy nie alleen verdienstes uit nie, maar Hy gee te kenne dat hulle in hulleself niks het om uitverkies te word as Hy Hom nie vooraf uit barmhartigheid tot hulle gewend het nie.

En hoe moet ons die volgende stelling van Paulus verstaan: "Wie het OS 383 eerste aan Hom iets gegee, en wie sal vergelding ontvang?"[23] Hy wil immers aantoon dat God se goedertierenheid so voor mense uitgaan dat Hy nòg in die verlede nòg in die toekoms iets by hulle vind om Hom met hulle te versoen.

## 4. *'n Regsinnige uitleg van Rom. 9 - 11* OC 690

Wanneer Paulus nou in sy brief aan die Romeine hierdie redenasie met groter diepgang herhaal en uitvoeriger behandel, sê hy dat nie almal Israeliete is wat uit Israel gebore is nie.[24] Hoewel hulle almal immers volgens die erfreg geseën is, het die opvolging daartoe tog nie gelyk op hulle almal oorgegaan nie. Hierdie twispunt het uit die hooghartige en bedrieglike pralery van die Jode ontstaan, want aangesien hulle vir hulleself die naam van die kerk toegeëien het, wou hulle hê dat die waarheid van die evangelie van hulle oordeel afhanklik moet wees. So

[20] Marg. *Ephes. 1.a.5.* Vgl. ook vers 9 en OC 51:148 e.v.
[21] Vgl. Ef. 1:6.
[22] Marg. *Iohan. 15.c.16.* Vgl. OC 47:346 - 349.
[23] Marg. *Rom. 11.d.35.* Vgl. OC 49:231 - 232.
[24] Marg. *Rom. 9.b.6.* Vgl. OC 49:174 - 176.

sou die pousgesindes hulle graag vandag nog met hierdie valse versinsel[25] in God se plek wou stel.

Hoewel Paulus toegee dat Abraham se nageslag vanweë die verbond heilig is, verklaar hy nogtans dat vele daarin buitestaanders is en dit nie alleen omdat hulle ontaard het sodat hulle van onwettige kinders basters word nie, maar omdat God se besondere uitverkiesing wat alleen sy aanneming vas en seker maak, oor alles uitstaan en oor alles heers. As hulle eie godsvrug sommiges in hulle hoop op saligheid sou bekragtig en ander se afvalligheid[26] hulle dit sou ontsê, sou Paulus sy lesers inderdaad dwaas en onsinnig tot die verborge uitverkiesing opgehef het.[27] As God se wil, waarvan die oorsaak nie buite Hom blyk of gesoek moet word nie, die een van die ander onderskei sodat nie al die kinders van Israel waarlik Israeliete is nie, verbeel mense hulle verniet dat elkeen se toestand in homself begin.

Daarna sit hy die onderwerp voort aan die hand van die voorbeeld van Jakob en Esau.[28] Hoewel albei immers kinders van Abraham was, en hulle tegelyk in hulle moeder se skoot ingesluit is,[29] word die eersgeboorte-eer op Jakob oorgedra.[30] Hierdie verandering was daarom soos 'n wonderteken, en nogtans verklaar Paulus dat die uitverkiesing van die een en die verwerping van die ander daardeur beseël is. Die vraag gaan hier om die oorsprong en oorsaak (van die uitverkiesing), wat na die mening van die mense wat die voorkennis (van God) leer, in die deugde en die ondeugde van die mense geleë is. Dit is trouens vir hulle 'n maklike pad om te sê dat God in die persoon van Jakob getoon het dat Hy diegene uitverkies wat sy genade waardig is, maar dat Hy in die persoon van Esau bewys het dat Hy diegene verwerp van wie Hy voorsien dat hulle dit nie waardig is nie.[31] So vermetel redeneer hulle inderdaad.

Maar wat sê Paulus? "Toe hulle nog nie gebore was en nog geen goed of kwaad gedoen het nie, dat die voorneme van God volgens die verkiesing kon bly staan, nie uit die werke nie maar uit Hom wat roep, is vir haar OS 384
gesê: 'Die oudste sal die jongste dien'. Soos geskryf is: 'Jakob het Ek liefgehad en Esau het Ek gehaat'".[32] As (God se) voorkennis enige krag gehad het in hierdie onderskeiding van die broers, sou die vermelding van die tyd beslis onvanpas gewees het. Laat ons toegee dat Jakob uitverkies is omdat hy die waardigheid daartoe deur sy toekomstige

[25] Fr. 1560: *sous ceste ombre du nom d l'Eglise, dont ils se fardent* (Benoit 3:421).

[26] Fr. 1560: *ingratitude et* (Benoit 3:421).

[27] Fr. 1560: *laquelle ne viendroit pas à propos* (Benoit 3:421).

[28] Vgl. Calvyn se preke *Treze sermons de Iacob et Esau* OC 58:17 - 198.

[29] *Ibidem,* oor Gen. 25:21 (OC 58:31 e.v.).

[30] *Ibidem,* oor Gen. 25:33 - 34 (OC 58:81 e.v.).

[31] Vgl. Pighius, *De lib. arb.* 7 fo. 117b; 9.2 fo. 157 e.v.

[32] Marg. *Ibidem, c. 11.* (Rom. 9:11). Vgl. ook vers 12 en 13 en OC 49:177 - 179.

deugde verkry het - waarom sou Paulus dan sê dat hy nog nie gebore was nie? Dit sou ook onoorwoë wees dat bygevoeg word dat hy nog niks goeds gedoen het nie, omdat die beswaar dan voor die hand liggend sal wees dat niks vir God verborge is nie en dat Jakob se vroomheid gevolglik ook voor hom aanwesig was. As werke genade bewerk, moes die waarde daarvan toe alreeds vir hulle vasgestaan het - voordat Jakob gebore is, asof hy toe alreeds volwasse was. Die apostel gaan verder om die knoop te ontrafel, en hy leer dat die aanneming van Jakob nie uit sy werke voortgekom het nie maar uit die roeping van God.[33] Hy stel geen toekoms of verlede in werke nie en hy stel dit kort en klaar teenoor God OC 691
se roeping met die bedoeling om die ander een uitdruklik weg te neem deur een te stel. Dit is asof hy gesê het dat ons ag moet slaan op wat God behaag het en nie wat die mense uit hulleself aangebied het nie. Ten slotte is dit uit die woorde *uitverkiesing* en *voorneme* seker dat al die oorsake wat mense gewoonlik sonder die raadsplan van God uitdink, van hierdie oorsaak verwyder is.[34]

### 5. *'n Weerlegging van die opvatting dat werke in die geval van Jakob en Esau die grond vir die uitverkiesing is*

Watter voorwendsel sal diegene wat 'n plek in die uitverkiesing aan die werke van òf die verlede òf die toekoms toeken, aanbied om hierdie redenasies te verduister? Dit beteken immers om deur en deur te spot met dit wat die apostel verklaar, naamlik dat die onderskeid tussen hierdie broers nie van enige inagneming van hulle werke nie maar louter van die roeping van God afhang omdat dit vasgestel is toe hulle nog nie gebore was nie. Hulle spitsvondige redenasies[35] sou inderdaad ook nie vir hom onbekend gewees het as dit enige vastigheid gehad het nie. Omdat hy egter baie goed geweet het dat God niks goeds in die mens kon voorsien behalwe dit wat Hy reeds vooraf deur die weldaad van sy uitverkiesing besluit het om aan hom te skenk nie, neem hy sy toevlug nie tot die verkeerde orde, naamlik om goeie werke bo hulle oorsaak te stel nie.

Uit die woorde van die apostel weet ons dat die saligheid van gelowiges op die oordeel van die Goddelike uitverkiesing alleen gegrond is en dat

[33] *Ibidem*; OAV: nie uit die werke nie maar uit Hom wat roep; NAV: dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep.

[34] Vgl. OC 58:61 - 62: *il (Jacob) n'a autre chose sinon la main qui tient le talon (de son frère). Mais il est là comme un avorton ... Il gardoit la maison, il estoit là comme un caignard près des cendres ... Il est là comme un fait-néant (par manière de dire). C'est une instruction à ne point chercher en nous pourquoy Dieu nous élise ... Quand Dieu nous élit, ce n'est pas pour nos beaux yeux, comme on dit.*

[35] Fr. 1560: *dont usent les Sophistes* (Benoit 3:422).

hierdie guns nie met werke verwerf word nie maar dat dit uit die genadige roeping[36] kom. Ons het as 't ware 'n voorbeeld[37] daarvan wat ons voorgehou is. Esau en Jakob is broers, gebore uit dieselfde ouers, albei nog ingesluit in die moederskoot en albei nog nie gebore nie. In hulle is alles gelyk, en tog is God se oordeel oor hulle verskillend. Want Hy neem die een aan en die ander een verwerp Hy. Dit was slegs die eersgeboortereg waarin die een bo die ander uitgestaan het. En tog word dit ook verbygegaan en aan die jongste verleen wat die oudste geweier word. Ja, dit lyk asof God altyd ook in ander gevalle volgens sy raadsbeskikking die eersgeboortereg verontagsaam het om die vlees alle stof tot roem te ontneem. Hy verwerp Ismael en sit sy hart op Isak;[38] Hy OS 385
stel Manasse ter syde en eer Efraim eerder.[39]

### 6. *God het die geestelike verkiesing van Jakob met 'n aardse teken verduidelik*

Iemand sou my met die beswaar in die rede kon val dat ons nie uit hierdie onbelangriker en geringer weldade iets in verband met die A 342
toekomstige lewe moet vasstel nie sodat iemand wat tot die eer van die eersgeboortereg verhef is, daarom gereken moet word as een wat tot die erfenis van die hemel aangeneem is nie. Daar is tewens baie mense wat Paulus selfs nie eens spaar nie, net asof hy in die aanhaling van hierdie getuienisse die Skrif tot 'n vreemde betekenis verdraai het![40]
My antwoord hierop is soos tevore dat die apostel nòg deur onbesonnenheid gestruikel het nòg dat hy hierdie Skrifgetuienisse doelbewus misbruik het.[41] Maar hy het gesien - en dit is iets wat hulle nie verdra om in aanmerking te neem nie - dat God die geestelike verkiesing van Jakob wat andersins by sy ontoeganklike regterstoel verborge is, met 'n aardse teken wou verklaar. Want as ons nie die eersgeboortereg wat hom gegun is, op die toekoms betrek nie, sal dit 'n leë en belaglike soort seën wees omdat daaruit niks anders as veelvuldige rampe, moeilikhede, droewige ballingskap en baie bitterhede van droefheid en bekommernisse hom te beurt geval het nie. Toe Paulus dus sonder om daaroor te twyfel bemerk het dat God met sy uiterlike seën betuig het watter geestelike en OC 692
onverganklike seën Hy in sy koninkryk vir sy dienskneg voorberei het, het hy nie geaarsel om 'n bewys uit die uitwendige seën te put om die geestelike seën te bewys nie. Ons moet ook in gedagte hou dat die land

[36] Fr. 1541: *bonté* (Benoit 3:422).
[37] ὑποτύπωσιν. Fr. *un miroir ou une peinture* (Benoit 3:422).
[38] Vgl. Gen. 21:12, 13.
[39] Vgl. Gen. 48:20.
[40] Vgl. Erasmus, *De lib. arb.* (OOE 9:1230 ).
[41] Vgl. *Inst.* 3.21.4, 7 (Afr. vert. 3:1163 - 1164, 1169 - 1170).

Kanan die pand van die hemelse tuiste was, sodat ons glad nie daaroor moet twyfel dat Jakob saam met die engele in Christus se liggaam ingeplant is om dieselfde lewe te deel nie.[42] Jakob word dus uitverkies. Esau word verwerp, en deur die predestinasie van God word Jakob van hom onderskei hoewel hy in verdienstes niks van hom verskil het nie. As jy na die oorsaak hiervan vra, gee die apostel die volgende: "Want vir Moses is gesê: 'Ek sal My ontferm oor wie Ek My sal ontferm en Ek sal barmhartig wees teenoor wie Ek barmhartig sal wees'".[43] Nou vra ek jou: Wat beteken dit? Die Here verklaar naamlik baie duidelik dat Hy in die mense geen rede vind om aan hulle goed te doen nie maar dat Hy dit uit sy barmhartigheid alleen put om dit te doen[44] en dat die saligheid van die wat aan Hom behoort, sy werk is.[45] Aangesien God jou saligheid in Hom alleen stel, waarom kom jy na jouself terug? Aangesien Hy sy barmhartigheid alleen aan jou toeken, waarom sal jy jou toevlug tot jou eie verdienstes neem? Aangesien Hy jou gedagtes op sy ontferming OS 386
vestig, waarom wend jy 'n deel hiervan af om dit op jou werke te vestig? Ons moet dus by daardie kleiner volk uitkom van wie Paulus elders skryf dat God hulle vooraf geken het.[46] Maar dan nie soos hulle[47] hulle verbeel nie, naamlik dat Hy ledig bly en vooraf die dinge weet wat Hy self nie doen nie, maar in die betekenis waarin mense dit dikwels opvat. Wanneer Petrus immers in Lukas sê dat Christus volgens die bepaalde raadsplan en voorkennis van God aan die dood oorgelewer is,[48] stel hy God beslis nie as 'n toeskouer voor nie maar as die Oorsprong van ons saligheid.[49] Wanneer dieselfde Petrus byvoorbeeld sê dat die gelowiges aan wie hy skryf, uitverkies is volgens God se voorkennis,[50] druk hy eintlik daardie verborge predestinasie uit waarvolgens God diegene wat Hy wou, as sy kinders gemerk het. En aangesien die woord *voorneme*, wat hy as sinoniem byvoeg, oral 'n *vaste besluit* uitdruk, soos mense oor die algemeen praat, leer hy ongetwyfeld dat God nie buite Homself uitgaan wanneer Hy die Bewerker van ons saligheid is nie. In hierdie sin sê hy in dieselfde hoofstuk dat Christus die Lam was wat voor die grondlegging van die wêreld vooraf geken is.[51]

Want wat is dwaser of betekenisloser as dat God uit die hoogte kyk

[42] Fr. 1560: *Parquoy il ne faut douter que Iacob n'ait esté incorporé en Iesus Christ, pour estre compagnon des Anges en une mesme vie* (Benoit 3:423).
[43] Marg. *Rom. 9.c.15.* Vgl. OC 49:181 - 182.
[44] Vgl. Rom. 9:16 en OC 49:182 - 183.
[45] Vgl. Calvyn se preek oor 2 Tim. (OC 54:48).
[46] Marg. *Rom. 11.a.2.* Vgl. OC 49:211 - 213.
[47] Fr. 1560: *ces brouillons* (Benoit 3:424).
[48] Marg. *Act. 2.d.23.* Vgl. OC 48:38 - 40.
[49] Fr. 1560: + *Dont il s'ensuit que sa prescience emporte de mettre la main à l'oeuvre* (Benoit 3:424).
[50] Marg. *1. Pet. 1.a.2.* Vgl. OC 55:207 e.v.
[51] Vgl. 1 Pet. 1:19 en OC 55:225.

waarvandaan saligheid vir die mensdom sal kom? Die volk wat vooraf geken is, het dus vir Paulus dieselfde betekenis as die geringe deel wat met die menigte gemeng is wat valslik God se Naam as voorwendsel voorhou. Elders sê Paulus ook dat God diegene ken wat aan Hom behoort,[52] om die mense wat hulleself slegs met 'n masker bedek en voor die wêreld vir hulle onder die godvrugtiges die eerste plek aanmatig, se grootpratery teen te gaan. Kortom: met hierdie woord dui Paulus vir ons twee soorte volke aan, naamlik een uit die geslag van Abraham en die ander een daaruit afgesonder en wat, weggesteek onder God se oë, verborge is vir mense se oë. Ongetwyfeld ontleen hy dit aan Moses. Hy verklaar dat God barmhartig sal wees teenoor wie Hy wil[53] ofskoon die uitverkore volk daar ter sprake was wie se toestand op die oog af gelyk was. Dit is asof hy gesê het dat daar in die algemene aanneming by Hom 'n besondere genade jeens sommige mense soos 'n heiliger skat ingesluit is en dat die algemene verbond nie verhinder dat 'n geringe getal van daardie gewone rang[54] uitgesonder word nie. En terwyl Hy Hom die vrye Uitdeler en Beoordelaar hiervan wil maak, verklaar Hy kort en klaar dat Hy Hom oor die een eerder as oor die ander sal ontferm bloot omdat dit Hom behaag. Want wanneer ontferming iemand wat daarna soek, te beurt val, verwag hy of verwerf hy ten dele nogtans die guns waavan God die lof vir Homself opeis al verduur Hy wel nie weiering daarvan nie.

## *Beantwoording van die besware van die teenstanders van hierdie uitverkiesingsleer (Afdeling 7 - 11)*

### 7. *Christus se uitsprake oor die uitverkiesing*

Laat die hoogste Kenner en Meester nou oor die hele aangeleentheid uitspraak lewer. Toe Hy bemerk het dat daar onder sy luisteraars so 'n groot hardheid was dat Hy sy woorde voor die skare amper vrugteloos uitgestort het, het Hy om hierdie struikelblok reg te stel[55] uitgeroep: "Alles wat die Vader My gee, sal na My toe kom. Want dit is die wil van die Vader dat Ek niks van dit wat Hy My gegee het, sal verloor nie".[56] Let op dat die gawe van die Vader die begin is daarvan dat ons in die troue sorg van Christus oorgegee word.[57]

[52] Marg. *2. Tim. 2.c.19.* Vgl. OC 52:369 e.v.
[53] Vgl. Eks. 33:19.
[54] Fr. 1560: ***du reng commun*** (Benoit 3:425).
[55] Fr. 1560: + ***qui en pouvoit estre conceu par les infirmes*** (Benoit 3:425).
[56] Marg. *Iohan. 6.d.37.* Vgl. ook vers 39 en OC 47:145 - 146.
[57] Fr. 1560: + ***ainsi c'en est le vray principe*** (Benoit 3:425).

Miskien sal iemand hier die sirkel omkeer en die beswaar opper dat slegs diegene as die besitting van die Vader gereken word wat hulle uit die geloof vrywillig aan Hom oorgegee het. En tog span Christus Hom slegs in om aan te toon dat selfs al skok die afvalligheid van ontsaglike groot skares die hele wêreld, God se raadsplan vas en bestendiger sal wees as die hemele self om sy uitverkiesing nooit te laat wankel nie. Daar word gesê dat die uitverkorenes van die Vader bestaan het voordat Hy hulle aan sy eniggebore Seun gegee het. Nou vra hulle of hulle van nature (so) was. Nee, diegene wat vreemdelinge was, maak Hy syne deur hulle na Hom toe te trek. In Christus se woorde is daar so 'n groot duidelikheid dat dit nie deur ontvlugting met enige wolk toegevou kan word nie. Hy sê: "Niemand kan na My toe kom tensy die Vader hom trek nie. Elkeen wat dit egter van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe".[58] As almal sonder onderskeid die knie voor Christus sou buig, sou A 343 die uitverkiesing algemeen gewees het. Nou kom die onderskeid duidelik na vore in die geringe getal gelowiges. Nadat Christus dus verklaar het dat die dissipels wat aan Hom gegee is, God die Vader se eiendom is,[59] voeg Hy 'n bietjie later by: "Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir die wat U aan My gegee het omdat hulle aan U behoort".[60] Hoe is dit moontlik dat die hele wêreld nie aan sy Skepper behoort nie behalwe dat die genade min uit die vloek en die toorn van God en die ewige dood uitruk wat andersins sou sterf; Hy laat egter die wêreld te gronde gaan soos dit bestem is.

Hoewel Christus Hom intussen as Middelaar aanbied, eis Hy nogtans die reg om saam met die Vader uit te verkies vir Hom op. Hy sê: "Ek praat nie van almal nie; Ek weet wie Ek uitverkies het".[61] As iemand sou vra waaruit Hy hulle uitverkies het, gee Hy elders die antwoord: "Uit die wêreld".[62] En Hy sluit die wêreld uit sy gebede uit wanneer Hy sy dissipels aan die Vader opdra.[63] Ons moet dit inderdaad onthou dat wanneer Hy verklaar dat Hy weet wie Hy uitverkies het, Hy 'n bepaalde groep onder die mensdom aandui. Verder: dat die onderskeid nie na aanleiding van die gehalte van hulle deugde nie maar na aanleiding van 'n hemelse besluit getref word. Daaruit volg dat niemand[64] uit eie beweging of deur eie ywer uitmunt nie omdat Christus Homself die Bewerker van die uitverkiesing maak.[65]

[58] Marg. *Iohan. 6.e.44.* Vgl. ook vers 45 en OC 47:149 - 150.
[59] Vgl. Joh. 17:6 en OC 47:378 - 379.
[60] Marg. *Iohan. 17.b.9.* Vgl. OC 47:380 - 381.
[61] Marg. *Iohan. 13.b.18.* Vgl. OC 47:310 - 312.
[62] Marg. *Iohan. 15.c.19.* Vgl. OC 47:349 - 350.
[63] Vgl. Joh. 17:9.
[64] A het verkeerdelik *multos;* uit die Fr. 1560 is dit duidelik dat hier *nullos* moes staan.
[65] Fr. 1560: *Dont il s'ensuit que tous ceux de l'élection, desquels Iesus Christ se fait autheur, ne sont point excellens par dessus les autres de leur propre industrie* (Benoit 3:426).

Die feit dat Hy Judas tewens elders onder die uitverkorenes tel[66] hoewel hy 'n duiwel was, het slegs op die apostelamp betrekking, en hoewel dit 'n helder spieël van God se guns is - soos Paulus dikwels persoonlik erken [67] - bevat dit tog nie op sigself die hoop op die ewige lewe nie. Aangesien Judas die apostelamp ontrou was, kon hy derhalwe slegter as die duiwel wees, maar Christus sal nie toelaat dat enigeen van die wat Hy eenmaal op sy liggaam ingelyf het, verlore gaan nie.[68] In die bewaring [OC 694] van hulle saligheid sal Hy trouens gestand doen wat Hy beloof het,[69] naamlik dat Hy God se mag, wat groter as alle mag is, sal openbaar.[70] Dat Hy elders sê: "Vader, van die wat U aan My gegee het, het geeneen verlore gegaan nie behalwe die seun van die verderf",[71] gaan nie mank aan dubbelsinnigheid nie hoewel dit 'n misbruikte[72] uitdrukking is. Samevattend kom dit hierop neer: dat God deur genadige aanneming mense skep wat Hy as sy kinders wil hê, maar dat die rede daarvan binnein Homself is omdat Hy met sy verborge welbehae tevrede is.

## 8. *Die kerkvaders se menings oor God se voorkennis*

Maar Ambrosius, Origenes en Hieronymus was van mening dat God sy genade onder mense uitdeel namate Hy voorsien het dat elkeen dit goed sal benut.[73] Hierbenewens het Augustinus ook eers die opvatting gehuldig,[74] maar toe hy beter vordering in sy kennis van die Skrif gemaak het, het hy dit nie alleen as onmiskenbaar onjuis teruggetrek nie maar ook kragtig weerlê.[75] Ja, nadat hy dit teruggetrek het en hy die Pelagiane tereggewys, omdat hulle in hierdie dwaling volhard, sê hy: "Wie sou nie

[66] Vgl. Joh. 6:70.

[67] Vgl. o.a. Gal. 1:16; Ef. 3:7; OC 50:179 en 51:180.

[68] Marg. *Ioban. 10.e.28.* Vgl. OC 47:249.

[69] In 'n preek oor Ef. 1:4 - 6 verduidelik Calvyn uitvoerig hoe die eenwording met Christus die basis is van die Christen se sekerheid oor sy saligheid; hy wys daarop dat gelowiges in Christus uitverkies is en dat Hy aan hulle die krag gee om in die geloof te volhard. Dan vervolg hy: *"Car si nous sommes ses membres, et que nous le tenions pour nostre chef, comme il s'est allié avec nous, et qu'il y a ceste union sacree, laquelle ne puet iamais estre rompue quand nous croyons à son Evangile, il faut que nous venions là à fin d'estre asseurez de nostre salut* (OC 51:282).

[70] Vgl. Joh. 10:29.

[71] Marg. *Ioban. 17.b.12.* Vgl. OC 47:382 - 383.

[72] ʽκαταχρηστική

[73] Vgl. Ambrosiaster (onder Ambrosius se werke), *Com. in ep. ad Rom.* 8:29 (MPL 17:134); Origenes, *Com. in ep. ad Rom.* 7:8 (MPG 14:1126); Pelagius (onder Hieronymus se werke), *Com. in ep. ad Rom.* 8:29, 15 (MPL 30:684 e.v., 711 e.v.); vgl. ook Justinus, *Apol.* 1.28 (MPG 6:371 - 372) en Tertullianus, *Adv. Marc.* 2.23 e.v. (MPL 2:338 e.v.; CSEL 47:366 e.v.; CCSL 1:500 - 501).

[74] Vgl. Augustinus, *Quorumdam propositionum ex ep. ad Rom. expositio* 60 (MPL 35:2078 e.v.).

[75] Marg. *Lib. Retract. 1. cap. 11.*
Vgl. Augustinus, *Retract.* 1.23.2 - 4 (MPL 32:621 e.v.; CSEL 36:107 e.v.); *De praedest. sanct.* 3.7 (MPL 44:964 e.v.); *De diversis quaest. ad Simplicianum* 1.2.5 (MPL 40:114); *Ep. ad Rom. expositio* 55, 60 (MPL 35:2076, 2078).

daaroor verbaas wees dat die apostel nie so 'n uiters skerpsinnige insig gehad het nie? Want nadat hy 'n oorstelpende feit in verband met die (kinders) wat nog nie gebore was nie,[76] voorgehou het en hom daarna die vraag voorhou: 'Wat nou? Is daar dan enige onreg by God?', het hy die geleentheid gehad om te antwoord dat God die verdienstes van elkeen voorsien het.[77] Dit sê hy egter nie, maar hy neem sy toevlug tot God se oordele en sy barmhartigheid''.[78] En nadat hy elders alle verdienstes voor die uitverkiesing uit die weg geruim het, sê hy: ''Hier gaan die onsinnige redenasie van daardie mense tot niet wat God se voorkennis teen God se genade verdedig en daarom sê dat ons voor die OS 389
grondlegging van die wêreld uitverkies is omdat God vooraf geweet het dat ons goed sal wees en dat Hy self ons nie goed sal maak nie. Hy wat sê: 'Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies',[79] bedoel dit nie so nie. As Hy ons trouens daarom uitverkies het omdat Hy vooraf geweet het dat ons goed sal wees, sou Hy tegelyk ook vooraf geweet het dat ons Hom sal uitverkies en wat daarop volg''.[80]

Laat Augustinus se getuienis maar gerus geld onder diegene wat met graagte in die gesag van die kerkvaders berus. En tog laat Augustinus hom nie van die res skei nie, maar hy toon met klinkklare getuienis aan dat hierdie skeiding, met die blaam waarvoor die Pelagiane hom beswaȧr het, vals is. Want hy haal die volgende uit Ambrosius aan: ''Christus roep hom oor wie Hy Hom ontferm''.[81] Net so: ''As dit sy wil was, sou Hy van ongewydes gewydes gemaak het, maar God roep diegene wat Hy waardig ag, en Hy maak diegene godsdienstig wat Hy wil''.[82] As ek uit Augustinus 'n hele boek aanmekaar wou weef, sou dit vir my maklik wees om vir my lesers te bewys dat ek slegs sy woorde nodig het, maar ek wil hulle nie met 'n stroom woorde belas nie.

Maar kom ons verbeel ons dat die kerkvaders niks hieroor praat nie en laat ons op die onderwerp self let. 'n Moeilike vraag is geopper, naamlik of God regverdig gehandel het toe Hy sekere mense sy genade waardig geag het. Paulus kon hom met een woord daaruit losgewoel het as hy in-

[76] Fr. 1541 e.v.: *touchant Esa et Iacob* (Benoit 3:427).

[77] Fr. 1541 e.v.: *s'il se fust voulu brièvement despeché* (Benoit 3:427).

[78] Marg. *Epist. ad. Sixtum 106* (*recte*: 1539: 105).
Vgl. Augustinus, *Ep.* 194.8.35 (*Ad Sixtum Romanum*) (MPL 33:886 e.v.; CSEL 57:204 e.v.). Vgl. ook *De praedest. sanct.* 3.7 (MPL 44:964 e.v.).

[79] Marg. *Iohan. 15.c.16.*

[80] Marg. *Homil. in Iohan. 8* (*recte*: 86). Hierdie verwysing staan in A verkeerdelik voor die vorige verwysing; vgl. Augustinus, *In Ioh. tract.* 86.2 (MPL 35:1851).

[81] Marg. *Lib. de Praed. sanct. cap. 19.* Vgl. Augustinus, *De dono persev.* 19.49 (MPL 45:1024) na aanleiding van Ambrosius, *Expositio ev. Lucae* 1.10; 7.27 (MPL 15:1617; CSEL 32,4:293); vgl. ook Augustinus, *De grat. Christi* 1.46.51 (MPL 44:383).

[82] Vgl. Augustinus, *De dono persev.* 19.49 (MPL 45:1024) na aanleiding van Ambrosius, *Ep.* 186.5.15 *(ad Paulinum)* (MPL 33:821; CSEL 57:57); vgl. ook Augustinus, *De grat. Christi* 1.46.51 (MPL 44:383).

agneming van die werke voorgehou het. Waarom het hy dit dan nie gedoen nie? Waarom sit hy die gesprek voort en hou hy hom met dieselfde probleem besig? Waarom dan anders as dat hy nie moes nie? OC 695 Die Heilige Gees, wat deur sy mond gepraat het, het trouens nie aan die gebrek van vergeetagtigheid gely nie! Hy antwoord derhalwe sonder dubbelsinnighede dat God sy uitverkorenes begenadig omdat Hy wil; dat Hy Hom oor hulle ontferm omdat Hy wil. Want die godspraak:[83] "Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig sal wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My sal ontferm",[84] het dieselfde betekenis asof gesê is dat God om geen ander rede tot ontferming beweeg word as dat Hy Hom wil ontferm nie. Derhalwe bly Augustinus se stelling waar, naamlik dat God se genade nie mense vind om uit te verkies nie maar dat Hy hulle bekwaam maak.[85]

## 9. *Thomas se opvatting oor God se vooruitsiening van die verdienste van goeie werke is eweneens nie aanvaarbaar nie*

Ons talm selfs nie eens by Thomas se spitsvondige redenasie dat die voorkennis van verdienstes nie die oorsaak van die predestinasie is van die kant van 'n handeling van Hom wat predestineer nie, maar dat dit van ons kant in 'n sekere sin so genoem kan word, naamlik volgens 'n OS 390 besondere skatting van die predestinasie soos wanneer gesê word dat God vir die mens heerlikheid na aanleiding van sy verdienstes voorbeskik omdat Hy besluit het om aan hom genade te skenk om heerlikheid te verdien.[86] Aangesien dit immers die Here se wil is dat ons in die uitverkiesing ons oë op niks anders as op sy loutere goedertierenheid moet vestig nie, sal dit voorbarige pronkery wees as iemand begeer om iets meer hierin raak te sien. Maar as ons met skerpsinnigheid daaroor A 344 wou stry, ontbreek dit ons nie aan die middel om daardie spitsvondigheidjie van Thomas te weerlê nie. Hy beweer self dat die heerlikheid in 'n sekere sin vir die uitverkorenes gepredestineer word na aanleiding van hulle verdienstes, omdat God die genade vir hulle voorbeskik waarmee hulle die heerlikheid kan verdien. Maar wat daarvan as ek die beswaar daarteen sou opper dat die predestinasie tot die genade, die uitverkiesing tot die lewe dien en as 't ware die dienskneg daarvan is en dat genade voorbeskik is vir diegene aan wie die heerlikheid lankal

[83] Fr. 1541 e.v.: *ce tesmoignage de Moyse qu'il allègue* (Benoit 3:428).

[84] Marg. *Exod. 33.d.19.* Letterlik staan hier: "Ek sal My ontferm oor wie Ek My sal ontferm en Ek sal met ontferming omhels wie Ek met ontferming sal omhels."

[85] 1543 - 1554: + Marg. *Homil. in Iohan. 38.* Vgl. Augustinus, *Ep.* 186.5.15 (MPL 33:821; CSEL 57:57); die verwysing na Augustinus se preek bevat niks wat hier van belang is nie.

[86] Marg. *In 1. Sent. Tract. 25. quaest. 23.* Thomas, *In sent.* 1.41.1.3; vgl. ook *Summa Theol.* 1.23.5 (Marietti 1:132 e.v.).

reeds toegewys is omdat dit die Here behaag om sy kinders van uitverkiesing tot regverdigmaking te bring? Daaruit sal tewens volg dat die predestinasie tot die heerlikheid die oorsaak van die predestinasie tot die genade is eerder as omgekeerd.

Maar vaarwel aan hierdie getwis, aangesien dit oorbodig is onder mense wat meen dat daar in God se Woord vir hulle genoeg wysheid is. 'n Kerklike skrywer het trouens eenmaal met waarheid gesê dat diegene wat God se uitverkiesing aan verdienstes toeskryf, wyser is as wat hulle behoort te wees.[87]

### 10. *Dat God almal nooi maar weinig uitverkies, is nie strydig met sy aard nie*

Sommige mense teken beswaar aan dat God met Homself in stryd sal wees as Hy almal oor die algemeen na Hom toe nooi maar slegs 'n paar uitverkorenes na Hom toe laat kom.[88] So neem die veralgemening van die beloftes volgens hulle die onderskeid van die besondere genade weg.[89] En dit is sekere gematigde mense wat so praat[90] - nie soseer om die saak van die waarheid te onderdruk nie as om netelige vrae te keer en die nuuskierigheid van baie mense te beteuel.[91] Hulle bedoeling is lofwaardig maar hulle doel glad nie goed te keur nie, want om weg te vlug is iets wat nooit verskoon kan word nie. Die laster van diegene wat die leer met groter voortvarendheid aanval, is beslis te afstootlik en hulle dwaling te skandelik.[92] OS 391

Ek het reeds elders[93] verduidelik - en ek sal weldra iets daarvan moet

[87] Marg. *Ambr. de vocat. Gent. lib. 1. ca. 2.* Calvyn misgis hom omdat hierdie stelling nie in Pseudo-Ambrosius, *De vocatione Gentium* (MPL 17:1073 e.v.; of MPL 51) voorkom nie. Vgl. Prosperus Aequitanus, *De vocatione omnium gentium* 1.9, 10, 21, 22 (MPL 51:657 - 663, 674 - 675).

[88] Vgl. o.a. Melanchthon, *Loc. com.* 1535 (CR 21:451 e.v., 914 e.v.).

[89] Fr. 1560: + *à ce que tout le monde soit en degré pareil* (Benoit 3:428).

[90] Fr. 1560: *quelques uns doctes et d'esprit modéré* (Benoit 3:428) - nie soseer om die saak van die waarheid te onderdruk as om netelige vrae te keer en die nuuskierigheid van baie mense te beteuel nie.

[91] Vgl. Melanchthon se briewe van 11 Mei en 12 Julie 1543, waarin hy sy opvatting van die predestinasieleer aan Calvyn verduidelik en sy steun aan hom toesê in die geding teen Bolsec, *Ep.* 467, 488 (OC 11:540 e.v., 594 e.v.; Herminjard 8:343 e.v.). Ook in sy voorwoord by die Franse vertaling van Melanchthon se werk verwys Calvyn na die ontwyking van geskilpunte (OC 9:849).

[92] Calvyn verwys hier ongetwyfeld na Hieronymus Bolsec, wat in 1551 uit Genève verban is; Sebastian Castellio, wat traktate oor predestinasie, uitverkiesing en vrye oordeel geskryf het, en Frans Sampaulinus, predikant van Poitiers, oor wie se siening van hierdie leer daar toenemend twyfel ontstaan het, vgl. *Annales* 1548 OC 21:442. Fr. 1560: + *en abbayent comme chiens mastins* (Benoit 3:429).

[93] Vgl. *Inst.* 3.3.21 (Afr. vert. 3:796 - 798).

[94] Vgl. *Inst.* 3.24 (Afr. vert. 3:1212 - 1239).

[95] Marg. *Amos 4.b.7.*

herhaal[94] - hoe die Skrif hierdie twee aspekte versoen, naamlik dat almal deur die uiterlike prediking tot boetvaardigheid en die geloof geroep word en dat die gees van bekering en geloof nogtans nie aan almal gegee word nie. Nou ontken ek wat hulle postuleer aangesien dit op twee maniere vals is. Want Hy wat dreig dat daar droogte oor een stad sal wees terwyl dit oor 'n ander een reën;[95] Hy wat elders 'n honger na die leer aankondig[96], bind Hom nie met 'n bepaalde wet om almal gelyk te roep nie. En Hy wat Paulus verbied om in Asië te praat[97] en hom van Bithinië af wegkeer en na Masedonië toe trek,[98] toon dat Hy die reg het om hierdie skat na sy goeddunke uit te deel. Deur Jesaja toon Hy egter nog duideliker aan hoe Hy die beloftes van saligheid besonderlik vir die uitverkorenes bestem. Want Hy verkondig dat Hy slegs uit hulle dissipels sal hê en nie sonder onderskeid uit die hele mensdom nie.[99] Hieruit is dit duidelik dat die leer van saligheid, waarvan gesê word dat dit slegs vir die kinders van die kerk en afsonderlik weggebêre is, verkeerdelik aan enigiemand opgeveil word om hom kragdadig te bevoordeel.

Laat dit vir die huidige voldoende wees dat hoewel die evangeliewoord oor die algemeen almal aanspreek, die gawe van die geloof seldsaam is. Jesaja skryf dit daaraan toe dat die arm van God nie aan almal geopenbaar is nie.[100] As hy sou sê dat die evangelie kwaadwillig en verkeerdelik verag word omdat baie hardnekkig weier om daarna te luister, sou hierdie aspek in verband met die algemene roeping miskien krag gehad het.[101] Die profeet se doel is trouens ook nie om die mense se skuld kleiner te maak wanneer hy leer dat die oorsprong van hulle blindheid is dat God Hom nie verwerdig om sy arm aan hulle te openbaar nie. Hy wys slegs daarop dat (mense se) ore tevergeefs met die uiterlike leer getref word omdat geloof 'n besondere gawe is. Ek sou egter graag van daardie geleerdes wou weet of die prediking alleen en of die geloof alleen kinders van God maak. Wanneer in die eerste hoofstuk van Johannes gesê word dat almal wat in die eniggebore Seun van God glo, self ook kinders van God word,[102] word daar nie 'n verwarde skare mense gestel nie, maar 'n besondere rang word aan die gelowiges gegee wat nie uit bloed en ook nie uit die wil van vlees en ook nie uit die wil van 'n man nie maar uit God gebore is.[103]

[96] Marg. *& 8.d.11* (Amos 8:11).
[97] Marg. *Act. 16.b.6.* Vgl. OC 48:373 - 374.
[98] Vgl. Hand. 16:7 e.v.
[99] Marg. *Iesa. 8.c.16.*
[100] Marg. *Iesa. 53.a.1.*
[101] Fr. 1560: ***ceux qui prêtendent que le salut est commun à tous auroyent quelque couleur; mais ils sont forclos de cela*** (Benoit 3:429)
[102] Marg. *Iohan. 1.b.12.* Vgl. OC 47:10 - 12.
[103] Vgl. Joh. 1:13.

Maar, sê hulle, daar is 'n onderlinge ooreenstemming tussen die geloof en die Woord.[104] Dit is so, ja, naamlik oral waar die geloof is; maar daar is niks nuuts daaraan dat die saad tussen dorings[105] en op klipperige plekke[106] val nie - nie alleen omdat die grootste gros hulle in werklikheid teen God verset nie maar ook omdat nie almal oë en ore gekry het nie. Hoe sal dit dan rym dat God mense na Hom toe roep van wie Hy OS 392 weet dat hulle nie sal kom nie? Laat Augustinus namens my antwoord: "Wil jy met my twis? Bewonder en roep saam met my uit: 'O diepte!' Laat ons beide in vrees ooreenstem, sodat ons nie in dwaling ten gronde gaan nie".[107]

As die uitverkiesing hierbenewens volgens Paulus se getuienis die moeder van die geloof is, keer ek hulle redenasie terug na hulle, naamlik dat die geloof nie algemeen is nie, omdat die uitverkiesing besonders is. Want wanneer Paulus sê dat ons met elke geestelike seën vervul is soos God ons voor die skepping van die wêreld uitverkies het,[108] kan uit die reeks oorsake en gevolge maklik afgelei word dat hierdie rykdom nie aan almal gemeen is nie, omdat God slegs diegene uitverkies het wat Hy wou. Dit is die rede waarom hy elders die geloof van die uitverkorenes loof,[109] sodat niemand moet dink dat hy geloof vir OC 697 homself verkry nie maar dat hierdie eer in God se hande berus dat diegene wat Hy tevore uitverkies het, uit genade deur Hom verlig word. Bernardus sê immers tereg: "Vriende luister afsonderlik ook wanneer hy aan hulle sê: 'Moenie vrees nie, klein kuddetjie:[110] omdat dit aan julle gegee is om die geheimenis van die koninkryk van die hemel te ken'.[111] Wie is hulle? Natuurlik diegene van wie Hy vooraf geweet en wat Hy vooraf bestem het om aan die beeld van sy Seun gelykvormig te word[112] en aan wie sy groot en verborge raadsplan bekend geword het: 'Die Here weet wie syne is'.[113] Maar dit wat aan God bekend was, is aan die mense geopenbaar en Hy ag slegs diegene waardig om in so 'n groot geheimenis te deel van wie Hy vooraf geweet het en wat Hy vooraf verorden het om syne te wees".[114] 'n Rukkie later sluit hy af: "Die barmhartigheid van

[104] Vgl. *Inst.* 3.2.6, 7 (Afr. vert. 3:715 - 716, 717 - 718, 749 - 751) en Melanchthon, *Loci com.* 1543 (CR 21:451, 916).
[105] Vgl. Matt. 13:7. Vgl. OC 45:356.
[106] Vgl. Matt. 13:5.
[107] Marg. *August. de verb. Apost. Serm. 11.* Vgl. Augustinus, *Serm.* 26.12.13 (MPL 38:177).
[108] Marg. *Ephes. 1.a.3.* Vgl. ook vers 4.
[109] Marg. *Tit. 1.a.1.* Vgl. OC 52:403 - 405.
[110] Vgl. Luk. 12:32.
[111] Vgl. Matt. 13:11.
[112] Vgl. Rom. 8:29 en OC 49:159 - 161.
[113] Vgl. 2 Tim. 2:19 en OC 52:255..
[114] Marg. *Ad Thomam praepositum Benerlae (recte: Beverlae) epist. 107.* Vgl. Bernardus, *Ep.* 107.4 (MPL 182:244).

God is van ewigheid af tot ewigheid oor die wat Hom vrees.[115] Van ewigheid af vanweë die predestinasie; tot ewigheid vanweë die saligmaking waarvan die een geen begin en die ander geen einde ken nie".[116] Maar waarom hoef ons Bernardus as getuie aan te haal as ons uit die Meester se eie mond hoor dat slegs diegene sien wat uit God is?[117] Met hierdie woorde dui Hy aan dat almal wat nie uit God weergebore is nie, by die glans van sy aangesig stom word. En die geloof word inderdaad paslik aan die uitverkiesing verbind mits dit die tweede plek inneem. A 345
Elders druk Christus se woorde hierdie volgorde duidelik uit: "Dit is die wil van die Vader dat Ek nie verlore sal laat gaan wat Hy aan My gegee het nie. Want dit is sy wil dat elkeen wat in die Seun glo, nie verlore sal gaan nie."[118] As Hy almal wou verlos, sou Hy sy Seun as Bewaker oor hulle gestel het en almal met die heilige geloofsband in sy liggaam ingelyf het. Nou is dit vas en seker dat die geloof 'n besondere pand van sy vaderlike liefde is wat weggebêre is vir sy kinders wat Hy aangeneem het.[119] Daarom sê Christus elders dat die skape hulle herder volg omdat OS 393
hulle sy stem ken maar dat hulle 'n vreemdeling nie sal volg nie omdat hulle vreemdelinge se stem nie ken nie.[120] Waaruit ontstaan hierdie onderskeid anders as daaruit dat hulle ore van Godsweë deurboor is? Want niemand maak van homself 'n skaap nie, maar hy word deur hemelse genade daartoe gevorm. Daarom leer die Here ook dat ons saligheid altyd vas en seker sal wees omdat dit deur God se onoorwinlike krag bewaar word.[121] Daarom kom Hy tot die slotsom dat ongelowiges nie van sy skape is nie[122] omdat hulle naamlik nie uit die getal van diegene is van wie God deur Jesaja beloof het[123] dat hulle sy dissipels sal

[115] Vgl. Ps. 103:17; Vg.: Ps. 102:17. Vgl. OC 32:81 - 83.

[116] Vgl. Bernardus, *Ep.* 107.5 (MPL 182:245).

[117] Marg. *Iohan. 6.e.46.* Vgl. OC 47:150.

[118] Marg. *Ibidem, d.39* (Joh. 6:39). Vgl. ook vers 40.

[119] Vir Calvyn is geloof nie die oorsaak of rede vir die uitverkiesing nie maar die bewys daarvan. Toe God ons uitverkies het, het Hy ons geloof tewens net so min as ons werke in aanmerking geneem en aan ons geloof gegee omdat Hy ons uitverkies het. Vgl. o.a. sy *Com. in Acta apost.* 13:48 (OC 48:314): *Fide quidem efficimur filii Dei: et fides, quantum ad nos spectat, salutis est ianua et principium. Sed altior est Dei respectus. Neque enim eligere nos incipit, ex quo credimus; sed adoptationem suam, quae occulta erat, fidei dono obsignat in cordibus nostris, ut manifesta et rata sit... Iam si fidei et salutis causa est Dei electio, qua nos ad vitam ordinat, nihil dignitati vel meritis residuum fit* - Deur die geloof word ons weliswaar God se kinders; en vir sover dit ons aangaan, is die geloof die deur en beginsel van ons saligheid. God rig sy oë egter hoër. Hy het ons tewens nie begin uitverkies van die tyd af waarop ons geglo het nie maar Hy beseël sy aanneming wat verborge was, deur die gawe van die geloof in ons harte sodat dit duidelik en vas en seker kan wees. As die uitverkiesing van God dan die oorsaak van die geloof en van die saligheid is, waardeur Hy ons tot die lewe verordineer, bly daar niks vir ons eie aansien of verdienste oor nie.

[120] Marg. *Iohan. 10.a.4.* Vgl. ook vers 5 en OC 47:237.

[121] Marg. *Ibidem, f.29* (Joh. 10:29).

[122] Marg. *Ibidem, e.26* (Joh. 10:26).

[123] Vgl. Jes. 54:13.

wees nie.[124] Omdat volharding verder deur die getuienisse wat ek aangehaal het, uitgedruk word, getuig dit tegelyk van die onbuigbare bestendigheid van die uitverkiesing.

### 11. *Soos die uitverkiesing berus ook die verwerping op God se wil*

Nou moet ons praat van die verworpenes wat die apostel tegelyk daar byvoeg.[125] Want soos Jakob in genade aangeneem word terwyl hy nog niks met goeie werke verdien het nie, so word Esau gehaat terwyl hy nog met geen oortreding bevlek was nie.[126] As ons ons oë na hulle werke wend, doen ons die apostel 'n onreg aan asof hy iets wat vir ons glashelder is, nie raakgesien het nie. Verder word dit bewys dat hy dit nie gesien het nie omdat hy dit uitdruklik benadruk dat die een uitverkies en die ander verwerp is hoewel hulle nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, om te bewys dat God se predestinasie nie in werke geleë is nie. Wanneer hy daarna die beswaar opper of God OC 698 onregverdig is, maak hy nie van dit wat die sekerste en duidelikste verdediging van sy geregtigheid sou wees, gebruik nie, naamlik dat God Esau volgens sy kwaad vergeld het. Maar hy is tevrede met 'n oplossing wat hiervan verskil, naamlik dat verworpenes verwek word met die doel dat God se heerlikheid deur hulle geopenbaar kan word. Uiteindelik voeg hy die volgende slotsom by: God ontferm Hom oor diegene oor wie Hy Hom wil ontferm, en Hy verhard diegene wat Hy wil verhard.[127] Sien jy dat hy albei hierdie dinge in God se oordeel alleen stel? As ons derhalwe geen rede kan aantoon waarom Hy diegene wat aan Hom behoort, sy barmhartigheid waardig ag behalwe dat dit Hom behaag nie, dan het ons ook in die verwerping van ander mense geen ander rede as sy wil nie. Want wanneer gesê word dat God iemand verhard of dat Hy Hom ontferm oor wie Hy wil, word mense daarmee vermaan om geen rede buite sy wil te soek nie.

[124] Vgl. Joh. 10:4.
[125] Vgl. Wendel, a.w. p. 212 e.v.
[126] Marg. *Rom. 9.c.13.* Vgl. OC 49:179.
[127] Marg. *Ibidem, d.18* (Rom. 9:18).